

BEPLAN JOU SOSIALE LEWE



BYEENKOMS VIR GEMEENTEVROUE

Hierdie Dinsdag, 14 Augustus, kuier al die gemeente se vroue om 15:00 saam in die kerksaal. Stefni van Dyk is die spreker en gaan op haar kenmerkende energieke wyse praat oor:

Barmhartigheid ken geen grense.

Almal is welkom om lekker te kom kuier om 'n koppie tee.



MET 'N LIED IN DIE HART

Op Vrydag 31 Augustus om 18:30 kan jy teen R75 per persoon 'n ontspannende en verrykende aand saam met Ella en Johan Fourie deurbring. Ella bied dit aan en dit word gehou by Seaview-weg 3074 in Bettysbaai. 'n Beperkte aantal kaartjies is beskikbaar by Riekie (0847044412), Erika (0732742894), die kerkkantoor.

GEBEDSFOKUS

- Ons dank God vir die geestelike groei binne die gemeente en dat ons die Vryheid het om te droom oor die gemeente se roeping. Ons luister wat ons opdragte is vir die volgende dekade en bid dat ons sal raaksien waar God werk sodat ons by Hom kan aansluit.
- Ons bid vir die kinders en gesinne wat in die modern samelewing moet leer hoe om God te aanbid in alles wat hulle doen ten spyte van die meesleurende gebruike rondom hulle.



DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

12 Augustus 2018

Welkom by die Erediens



09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Kerkgebou - Dr. Chris malan

Deurkollekte: Plaaslike Onderwysfonds

STOORSTOK VIR EREDIENSTE

Lidmate kan in die toekoms bloot hul stoorstok kerkkantoor toe bring om 'n afskrif van die erediens in die kerk te kry. Ongelukkig is die opneem van erediens beperk tot die kerkgebou se erediens.

Eredienste Sondag 19 Augustus 2018
NAGMAAL

08:30 Nagmaal Kerksaal
09:00 Nagmaal Hangklip
09:30 Nagmaal Kerkgebou

Deuroffer: Fynbos

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. .



Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Verally aan Mariaan Hattingh: BB3 (☎9939),
Kelly Hanekom: BB3, Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Frikkie von Wiellich: Bb2, Johan Els: Sa1,
Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Julian Luyt: Sb1,
Maria Human: Sc4, Chris Grobler :PB3 (☎8783),
Japie Truter: KB1 (☎3063) en Riti Turner KB1 (☎4917).

.. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.
In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar,
gelukwens:

Linda Basson (PM3), Trischa Fleetwood (KB4),
Nellie Snyman (KB2), Herman Strydom (Sb3).

DIE WEEK SE AKTIWITEITE WELWILLENDHEIDSWEEK

Sondag	18:00	Bybelskool in kerksaal Die Tien Gebooie in 2018
Dinsdag	15:00	Gemeentevroue kuier saam
	16:30	Gebedsgroep
Donderdag	16:00	Kooroefening

AGAPE AKSIE

In Psalm 30:12 sê Dawid: "... U het my van vreugde laat dans!"
Op Saterdag 18 Augustus gaan ons saam met die VGK Dames
kyk hoe Ananda Krige dans in die teenwoordigheid van die
Here. Kom geniet dit saam met ons.

Plek: VGK Kerk in Proteadorp, Tyd: 3 nm

Indien u 'n saamrygeleentheid soek, bel Sanet by 028271 3208.

Barmhartigheid is liefde in aksie



In die gees van die week van welwillenheid neem Diens van Barmhartigheid die vrymoedigheid om gemeentede uit te nooi om aan te sluit by hierdie diensaksie se projekte. Persone wat aan die hoof van verskillende projekte staan, kan gebel word hetsy om betrokke te raak of om nood te verwys.

Voorsitter: Mariëtte van der Watt : 028 271 3289/ 082 377 4696

Onder Voorsitter: Linette Perold: 028 272 9054/ 084 522 0809

Sekretaresse: Etta Eksteen: 028 271 5978/ 082 465 0776

Tessourier: Chris Hugo: 028 271 3949/ 083 627 3590
Of

Jan Theunissen: 028 271 5710/ 083 255 1427

Breiprojek: Essie Groenewald: 028 271 8022/ 082 379 4713

Koskas en Omgee Boetiek: Corrie Hugo: 028 271 3865/ 084 877 5356

Alimentasie: Mariëtte vd Watt: 028 271 3289/ 082 377 4696

Skole projek (Toebroodjies vir Laerskool Kleinmond):

Malinda Hugo: 028 271 4351/079 264 1038

Naaldwerk: Bets de Klerk: 028 271 5883/ 072 593 4018

Jeugsorgsentrum: Anna van Zyl: 028 271 4559/ 082 466 8615

Huisgebondenes: Hartmut Spingies: 028 271 4606/ 083 995 5104

NAGMAAL-TAFELDOEK: KERKSAAL

Daar word gesoek na die gehekelde tafeldoek wat tydens Nagmaal-geleentede in die saal gebruik word. As iemand weet waar dit is, kan Johan de Clerk (084 582 1992) gebel word.

VGK KLEINMOND GESINSWEEK

Ons is daar vir mekaar

So. 19 Aug. om 10.00 - **Gesinne is daar vir mekaar** - dr Gert Pretorius

Ma. 20 Aug. om 19.00 - **Ouers praat met kinders** - Theresa Els

Di. 21 Aug. om 15.00 - **Storietyd vir kinders** - Nal'ibali

Di. 21 Aug. om 19.00 - **Mamma, lees vir my 'n storie**
- Diaconia & Nal'ibali

Wo. 22 Aug. om 19.00 - **Help my, my kind gebruik dwelms**
- ds J van Rooy

Do. 23 Aug. om 19.00 - **Help hier is 'n krisis!**
- Gesinsgeweld, egskeidings, ens. - Melany Voigt

Vr. 24 Aug. om 19.00 - **Gesinne speel saam** - speletjies by die kerk

Sa. 25 Aug. – **Dis 'n piekniek** – by die hoofstrand

So. 26 Aug. om 10.00 – **Ek en my huis dien die Here** - ds CJ Swart

ONS ORRELIS TREE UIT

Na 5 en 'n half jaar as orrelis by ons gemeente tree Isabel Wagener aan die einde van September af.

By ons gemeente is daar die amptelike beleid dat amptenare, nadat hulle 65 geword het, jaarliks heraanstel word tot op die ouderdom 80 waarna hulle moet aftree. Ongelukkig het daardie tyd vir Isabel aangebreek.

Sy tree vir oulaas op 30 September as amptelike orrelis op en daarna sal ons haar hopelik nog dikwels hoor as aflos-orrelis.

Op die keersy verskyn 'n amptelike advertensie vir die pos van orrelis.

NG GEMEENTE KLEINMOND VAKATURE: ORRELIS

Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde persone vir die pos van orrelis.

Die orrelis is verantwoordelik vir begeleiding van die gemeente, d.m.v. die orrel, klavinova en klavier. Die orrelis tree op tydens eredienste, huwelike, begrafnisse en ook by ander geleenthede wat van tyd tot tyd in die loop van gemeentlike bedrywighede nodig mag wees.

Vergoeding en byvoordele is volgens die riglyne van die Sinode van Wes-Kaapland.

Rig u aansoek, vergesel van u CV, aan:

Die Bedieningsbestuurder

E-pos: nelineburger@gmail.com

Posadres: Posbus 162, Kleinmond, 7195

Sluitingsdatum:

14 September 2018

Datum van diensaanvaarding:

1 November 2018 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:

Ds. Hannes van Wyk, tel: 0282714322

E-pos: jwwyk@gmail.com